



TIMBOEKTOE: OESTYINPUT VAN RARE MANUSKRIPTE

Timboektoe, in Mali, is vir die meeste mense net 'n plek tussen niks en nêrens, maar eeue gelede was dit 'n bakermat van geleerdheid, met die talle manuskripte wat daar ontdek is as stille getuies daarvan. Vandag speel Suid-Afrika 'n groot rol in die restourasie en bewaring van die manuskripte.

Die droë wind het die witwarm Saharasand in wit wolke opgeswiep. Die weduwee Bouctou se lang swart katoenburka het gewapper. Sy het haar hijab oor haar gesig getrek om dit teen die kastydende sand te versluier, en teen die skerp son in die verte ingetuur. In die lugspieëlings op die gesigseinder, oor eindelose sandvlaktes en deinende duine, het sy spikkels gesien. Sy het weer langs haar waterput gehurk – hulle was na haar op pad ...

Die spikkels in die glimmende hittegolwe van die woestyn het vorm, ritme en klank gekry – 'n karavaan moeisaam hobbende kamele, bulkend van die dors. Hulle het van ver af die water met hul wydgesperde neusvleuels geruik.

By die oase aan die oewer van die Nigerrivier waar hy sy hoogste kromming op die suidelike rand van die Wes-Sahara maak in sy lang kronkelpad deur vele lande, het moeë ruiters hul kamele laat kniel, afgesaai en die diere na die weduwee se put gelei.

Hulle het die "baie ver plek" op die suidelike grens van Çahra

bereik nadat hulle die ewige Libiese woestyn deurkruis het. Die vrou het haar kleikruik met die koel fonteinwater uit die diep put opgetrek. Mens en dier kon hul dors gulsig les by Bouctou se Put – Tombouctou – Timboektoe, in die land wat Mali heet.

Dit was ongeveer die jaar 1100.

Timboektoe het mettertyd tot die sentrale handelstasie tussen die suide van Afrika en die wêreld noord van die Middellandse See ontwikkel. Hier het die trans-Sahara-handelaars goedere uit die Midde-Ooste en sout uit die noorde van Afrika, en goud en materiale uit die suide geruil – en slawe uit Afrika.

Van die kosbaarste skatte wat die handelaars in Timboektoe bekom en in hul saasakke bewaar het, was onder meer papiermanuskripte in unieke Afrika-Arabiëse kalligrafie – sommige selfs met goudblad versier en in leer gebind en later met sy oorgetrek. Dié handgeskrewe boeke sou van geslag tot geslag oorgelewer word – tot in die tweede millennium en verder.

Fiksie? Felte.



**"DAAR IS TALLE
REGTERS,
GELEERDES EN
PRIESTERS IN
TIMBOEKTOE WAT
GOED DEUR DIE
KONING BETAAL
WORD. BAIE
MANUSKRIPBOEKE
WAT UIT
BARBARYE KOM,
WORD VERKOOP,
EN DIS VEEL
LONENDER AS
ENIGE ANDER
GOEDERE."**

'n Beroemde Andalusies-Marokkaanse skrywer, Leo Africanus, skryf in 1550 in Latyn in sy boek, *Fella discrittione del'Africa*: "Daar is talle regters, geleerdes en priesters in Timboektoe wat goed deur die koning betaal word. Baie manuskripboeke wat uit Barbarye kom, word verkoop, en dis veel lonender as enige ander goedere."

Barbarye – die nomadiese Berbers se tuisland – was die ou naam vir 'n deel van Noord-Afrika, uit die Griekse en Latynse stamwoord "barbaros" wat vreemd beteken.

Timboektoe het 'n twisappel vir magshonger lande geword. Teen die vroeë 14de eeu het die stad deel van die antieke Mali-ryk geword, en in 1468 het die magtige Songhal-ryk die stad ingeneem. Timboektoe het sy bloeitydperk beleef en die sentrum van handel en geleerdheid geword.

Strooptogte vanuit ander state het toegeneem. Die stad het ná die beleg in die 1590's onder beheer van Ahmad Al-Mansur van die magtige Marokkaanse staat begin kwyn. Teen 1800 het die kultuurparadys se glorie in die woestynsand verdwyn.

Die Malinese het hul kosbare geskrifte wat grootliks steeds in private besit is, sedertdien geheim gehou uit vrees dat dit geplunder of verkansel sou word en dit in modderhuisies onder die kleivloere, in kiste en moskeemure versteek.

Naas etlike private biblioteke is net een ontoereikende amptelike "biblioteek", die Iheri-AB, in 1973 in Timboektoe opgerig om die Arabiese geskrifte te huisves. Een van die beroemde moskees, Sankoré, is 'n nie-amptelike biblioteek.

Ahmed Baba, na wie die biblioteek genoem is, was een van die beroemdste Malinese geleerdes tussen die vroeë teoloë, letterkundiges, historici, wetenskaplikes en geskiedkundiges. Hy is in 1593 met sy hele boekery van sowat 1 600 manuskripte deur Al-Mansur se leer na Marokko ontvoer. In een van sy sowat

50 boeke het Ahmed Baba geskryf:

"O reisiger na Gao, draai af na my stad. Mymer my naam daar en groet my geliefdes.

"Met gegeurde salaams van 'n banneling wat na sy vaderland en bure, metgeselle en vriende verlang ..."

Tot enkele jare gelede was die manuskripte van Timboektoe een van die vasteland se bes bewaarde geheime: "Bouctou se ver plek" was eeue gelede reeds die bakermat van geleerdheid en wetenskaplike kundigheid in Afrika. 'n Skat van meer as 300 000 veeltalige manuskripte in Arabiese kalligrafie uit die 13de tot die 19de eeu in die armoedige Malinese woestynnederstelling, honderde kilometer noord van die hoofstad Bamako af, boekstaaf dit.

Unesco het Timboektoe reeds in 1989 tot 'n wêrelderfenisgebied verklaar, maar hoofsaaklik ter wille van die merkwaardige 14de eeuse moskees. Teen die einde van die 15de eeu was daar etlike skole waar die Koran bestudeer is en tot 80 private biblioteke in die stad.

Pres. Thabo Mbeki het in November 2001 'n ampsbesoek aan die hoofstad Bamako in Mali gebring. Die destydse pres. Alpha Konaré het pres. Mbeki na die modderstad Timboektoe geneem om die wonder van die ou Arabiese geskrifte te aanskou. Sy droom vir die Afrika-Renaissance het beslag gekry!

Maar die delikate manuskripte wat tot dusver die toets van die tyd wonderbaarlik deurstaan het, is vinnig aan die vergaan en word nog onder haglike omstandighede geberg. Duisende is al erg verweer. Europese restaurasiepogings oor dekades was onvoldoende. Die Malinese het die kundigheid kortgekomm om die brose manuskripte te hanteer, te restoreer en te bewaar.

Op Afrikadag, 25 Mei 2003, het pres. Mbeki Suid-Afrika se eerste Nepad-kultuurprojek – die Timboektoe-manuskriptetrust



– in Johannesburg en later in New York aangekondig. Dit sou 'n projek van vyf jaar wees om die Malinese op te lei om hul kunsskatte te restoureer en korrek te bewaar. In Suid-Afrika het die departement van kuns en kultuur, Nasionale Argiewe en Rekorddiens van SA (NARS), SA Nasionale Biblioteek en die Parlement in Kaapstad, asook verskeie akademici opdrag gekry om die reuse-taak aan te pak. Die geesdrif spreid en kundiges en instansies raak toenemend betrokke.

Enkele van die leiersfigure in die Mali-projek is dr. Graham Dominy, nasionale argivaris en hoofdirekteur van NARS in Pretoria; twee van sy kollegas, Riason Naidoo en Alexio Motsi – onderskeidelik projekbestuurder en bewaringspesialis – en dr. Shamil Jeppie, dosent in Afrika- en Midde-Oosterse geskiedenis en kenner van Arabiese tale aan die Universiteit van Kaapstad.

Sharron Hawkes van Johannesburg – 'n ervare, reisgierige dokumentêre redakteur – het ná pres. Mbeki se besoek in 2001 na Mali gereis. "Die Malinese se geesdrif vir hul literêre rykdom het my gepak," vertel sy, "en ek het besluit om 'n dokumentêre rolprent vir internasionale vrystelling in samewerking met die kenners van die Nasionale Argief te maak. Ons het al die eerste van drie verfilings in Mali gedoen."

In Desember 2003 het Sharron by die eerste Suid-Afrikaanse bewaringspan in Timboektoe aangesluit. "Die tog van honderde kilometer van Bamako na Timboektoe is 'n nagmerrie – 'n stamperige rit van twee dae op sinkplaatpad per 4x4. Vir my volgende besoek het ek die weeklikse vlug van Bamako af in 'n stokou, Russiese skroefvliegtuig aangedurf."

Mary Minicka van die SA Parlement (nou van die Argief van Wes-Kaapland) was die enigste vrou wat deur die Nasionale Argiewe gekies is om Malinese in Timboektoe te gaan oplei.

'n Vrou om in 'n Moslem-gemeenskap te gaan werk?

Wenkroue het gelig. Maar Mary is gul deur die regering en amptenary in Bamako en Timboektoe se Ahmed Baba-sentrum ontvang.

Die Malinese se erfenis van Moeder Bouctou en antieke poësie deur vrouedigters ten spyte, sê Sharron: "Dié 'vroue-ding' in Mali bly vir my ingewikkeld. Hulle beweeg selfversekerd in kleurryke rokke en katoensjaals rond en het ooglopend 'n bietjie mag. Ek dink hulle is soos Mediterreense vroue wat hul mans laat glo dat hulle in beheer is, maar intussen weet hulle hulle swaal eintlik die septe. Stille diplomatie, skat ek ..."

"Vroue bak soggens in straatonde brood en haas altyd lewers heen. Beroepsvroue is skynbaar skaars. Mans is in beheer van die hotels en toeristebedryf, maar daar werk nou al vyf beroepsvroue by Iheri-AB.

"Die weer in Timboektoe nie genadig nie, en 'n mens is afhanklik van die seisoene en goeie weer om die stad te bereik, sê Sharron. "Tydens my kort verblyf tydens die 'goeie', droë wintersesoon in die woestynstad, het ek die skroeiwinde wat van November tot Maart oor die Sahara woed, 'n stofstorm en 'n swerm sprinkane beleef. Dis alledaags. Die mense gaan doodluiters met hul lewens voort.

"Alles bly aan die beweeg – van donkiekarre wat vragte riete van dieloedvlakte tussen Timboektoe en die Niger af lui in die hitte karwei, 'n horde bromfietse en veralle minibustaxi's – tot kinders wat van siestatyd tot saans in die grondstrate sokker speel, en wit bokke wat voor heilige moskees aan nugter weet wat wei. As die koelte daal, kry die stad weer nuwe lewe," vertel sy.

Die woestyn oorheers die omgewing. Kameel heet die kleur in die modewêreld, en grondkleur is omtrent die enigste van sowel moskees as hutte.

Die woestynmonster groei aggressief en sluk die oasestad in. Die

HIDRO-KRAG VIR MALI?

'n Hidro-elektriese projek van 13 megawatt in die Markaladam in die magtige Nigerrivier, sowat 50 km noord van Ségou noordoos van die hoofstad Bamako, word moontlik werklikheid.

Navorsing oor die uitvoerbaarheid van die opwekking van hidro-elektriese krag in die brandarm Mali is deur die Amerikaanse handels- en ontwikkelingsagentskap (USTDA) moontlik gemaak. Die USTDA het in 2005 'n skenking van \$272.956 aan die Malinese ministerie van myn, energie- en waterwese gemaak om Mali se ekonomiese groei en ontwikkeling te stimuleer, deur stellig die land se energieproduksie vanuit die Nigerrivier te verhoog.

Na ramings in 2004 het slegs 13% van Mali se algemene bevolking en minder as 1% van die landelike bevolking toegang tot elektrisiteit.

Ten spyte van die land se enorme potensiaal vir hernubare krag – veral hidro-elektriese krag – moet Mali steeds petroleumprodukte invoer om in sy behoeftes te voorsien.

Bron: *Exclusive – USA-RSA Economic Spotlight no 37, 2005* (Red. Wyle Prof. Carl Nötke)

Mali se profiel, ekonomie en geskiedenis

Ekonomiese aktiwiteit in die binnelandse Republiek van Mali steun hoofsaaklik op landbou en visvangs langs die magtige Nigerrivier wat deur vier lande in Wes-Afrika en die Saharawoestyn kronkel.

Die Niger wat 4 030 km lank is, ontspring in Guinee. Dit vloei eers in 'n noordoostelike rigting deur die hart van Mali in die woestyn in.

Tussen die dorpe Ségou en Timboektoe vertak dit in moerasse en mere om die Masina-delta te vorm. Sowel die Niger as sy takrivier, die Bani, is noodsaaklik vir vervoer en besproeiing. Dit vloei dan suidooswaarts deur Niger en mond uit in die massiewe Nigerdelta in Nigerië.

In die somer (van die Noordelike Halfrond) beweeg vogtige seewinde vanaf die Golf van Guinee in Mali in, terwyl die droë woestynwinde in die winter vanaf die Sahara in die noorde waai.

Die Sahel-strook vorm die grens van die woestyn, en strek vanaf Senegal en Mauritanië deur Mali.

Mandé-sprekendes wat uit die Bambara, Malinké (Mandingo of Madinka) en Soninké bestaan, maak die helfte van die bevolking uit. Die ander beduidende groepe sluit die Ful (of Fulani), die Senufo, die Dogon en die Songhai in.

Die nomadiese Tuareg is om die verspreide oases van die Sahara

sandduine beur reeds teen die stad se geskiedkundige kleinure, en die Niger se loop is al meer as 13 kilometer suid van Timboektoe gedwing. Meedoënlose winde waai sand tot binne die geboue, die reën kom en die mure verkrummel, die modder verhard en die kleivloere word hoër. Deure word met sand opgevul totdat hulle haas verdwyn.

Eenvoudige, kwesbare moddersteenhuise met dakke van aanmekeer getimmerde hout en takkies met modder bepleister – en grondkleurige, aksotiese moskees – smelt met die woestyn saam. As die modder uitgegrawe word, sal die geboustrukture verswak. In November wanneer die droë winter aanbreek, is dit weer tyd vir die groot fees om die huise gedwee te herbou en die moskeemure net hoër te bou, te pleister en te versterk – en nuwe deure te skep.

Vuisvoos, verbete, spartel hulle teen die elemente in soos drinkelinge in dryfsand – maar hulle bly bo.

In die Sankoré-moskee het 'n imam huiwerig, eerbiedig 'n stowwerige, krakende skatkis vir die eerste keer opgemaak. Die Suid-Afrikaners het verstom na die manuskripteskat gestaar. Sommige geskrifte met die onverstaanbare Arabiese letters was met goudblad versier, byna soos die Europese getyboeke – ander eenvoudiger met kantaantekeninge, sommige weer sakgrootte, oor enige onderwerp onder die son! Talle leergebonde, en andere met syoortreksels. Net een Koran was op perkament geskryf – die res almal op kosbare, vreemde papier. Baie was nog taamlik goed behoue, ander het al begin vergaan.

Die literêre paradys was eeue gelede wyd buite Mali bekend en het honderde studente uit Arabië, Noord-Afrika en die destydse Persië gelok.

Sankoré was eens 'n belangrike studiesentrum. In hul geestesooog kon ons mense sien hoe studente uit vervoë dae aan die voete van hul Islamitiese leermeesters gesit, aantekeninge van hul leringe gemaak en hul geskrifte gekopieer het. "Dis 'n antieke Griekse en Islamitiese tradisie en die beginsel van universiteite soos ons dit vandag ken – ouer as Oxford," vertel dr. Dominy. "Teoloë, juriste, onderwysers, wetenskaplikes, letterkundiges en

noord van Timboektoe en Gao gekonsentreerd en praat Berber. Frans is die amptelike taal en Bambara is die lingua franca.

Ekonomie

In die 19de eeu het fortuinsoekers die moeilike roete na Timboektoe aangedurf op soek na die legendariese, maar denkbeeldige goue strate. Nietemin is Mali vandag Afrika se vierde grootste goudproducent. Intussen myn sowel Suid-Afrikaanse as Kanadese mynmaatskappye in Mali steeds nóg goud. Sedert 1992 val die klem op vrye handel en private ondernemings, wat in samewerking met die IMF, Wêreldbank en bilaterale donateurs (wat die VSA insluit) bevorder word.

Die koms van die kameel as vervoermiddel deur die woestyn sowat 1800 jaar gelede het handel tussen Mediterreens-Afrika en antieke Mali gestimuleer. Mali was 'n skepping van die Malinké.

Geskiedenis

Die Malinké-ryk het streke van Mali van die 12de tot die 16de eeue geregeer, terwyl die Songhai-ryk in die 15de eeu oor die Timboektoe-Gao-streek geheers het. Marokko het Timboektoe in 1591 verower en dit twee eeue lank beheer.

historici is hier geskool," voeg projekleier Naidoo by.

Ten tye van die Rooms-Katolieke oorheersing in Europa en die Spaanse Inkwisisie, het talle Moslems en Jode na Afrika en verre Timboektoe gevlug. Ook Joodse manuskripte in Arabiese skrif is dus gevind.

In Iheri-AB word sowat 23 000 manuskripte in Hatt Maghribi – die Arabiese kalligrafie uniek aan Noordwes- en Soedanese-Afrika – onordelik geberg. "Mense sê daar kan tot 'n miljoen manuskripte in Mali wees, maar ons konsentreer op dié versameling," sê Alexio Motsi, bewaringskundige.

In teenstelling met Midde-Oosterse werke in die Arabiese taal en skrif, is talle van die manuskripte van 1210 tot die 19de eeu in die Afrika-tale Songhai, Tamasheq en Hausa in die Arabiese alfabet geskryf – moontlik die eerste geskrewe voorbeelde van dié tale. Daar sal beslis ook Fulfulde-geskrifte in die massas onverskillig opgestapelde manuskripte gevind word," glo dr. Jeppie. "Die meeste is egter in die Arabiese taal geskryf, met merkwaardige wiskundige berekenings en wetenskaplike sketse."

Hy is tans besig met 'n projek om van die manuskripte te vertaal om die onderwerpe vas te stel. "Dis sinneloos om 'n klomp geld aan iets te bestee as jy nie weet waaroor dit gaan nie," sê hy.

Maar Iheri-AB is 'n elementêre gebou wat eerder 'n bergingsplek sonder temperatuurbeheer, leesgeriewe of behoorlike kabinette as 'n biblioteek of argief is – totaal ontoereikend om kwesbare dokumente in 'n klimaat van uiterstes te bewaar.

Tydens een van hul jaarlikse werkbeseuke by Iheri-AB het Alexio Motsi sy kamera se beligting op 'n besondere, veseiagtig papiermanuskrip met goud versier, ingestel. Ten spyte van die vernietigende effek van die skerp, suur "ystergal-ink" het dit goë behoue gebly. Plek-plek waar die skrywer letters vet wou skryf, het die druk met veerpen en suur ink gaatjies in die papier gevreet. Daar was en is geen papierbedryf in Mali nie – waar sou die papier met sy hoë gehalte vandaan kom wat die toets van die tyd kon deurstaan?

Opgewonde het hy en Mary die deursigtige Romeinse water-

In die laat 19de eeu het die Franse vanuit hul kolonie in Senegal opgeruk om 'n koloniale ryk te vestig wat tot by die Rooi See sou strek. Gesteun deur die Berlyn-Konferensie van 1885, het die Franse 'n kombinasie van diplomatie en militêre mag gebruik om verskeie Sahel-lande te oorweldig.

As Frans-Soedan is dit eers in Frans-Wes-Afrika geïnkorporeer, en het later saam met Senegal gedeelde onafhanklikheid in die Federasie van Mali verkry.

Kort ná onafhanklikheid in 1960 het die federasie verbreek en Frans-Soedan het Mali geword. Die eerste Malinese president het 'n eenpartystaat ingestel, bande met Frankryk verbreek, 'n sosialistiese beleid ingevoer en Sowjetse steun gevra.

'n Lang tydperk van post-kolonialistiese diktatorskap met 'n sosialisties/kommunistiese inslag het in 1992 plek gemaak vir 'n demokratiese verkose regering en 'n beleid van ekonomiese hervorming wat deur internasionale agentskappe ondersteun word. Die land soek aktief na buitelandse deelneming om landbouproduksie te bevorder en mynbedrywighede te ontwikkel.

BRON: *Africa 2005 – Ed. Les de Villiers. A publication of The Corporate Council on Africa and Business Books International. Fifth edition*

merk "AM" tussen die Arabiese letters ontdek. 'n Deurbraak! Opsienbare bewys dat sommige papier in die Middeleeue uit Europa ingevoer is – nie uit die Midde-Oostenie! "Kantaantekeninge op die dokumente is getuigenis dat daar soms 'n skaarste aan papier was," voeg Rison by.

"Die spore van antieke Arabiese manuskripte vorm 'n sirkel van die verre noordweste tot by die suidpunt van Afrika in Kaapstad. Ons land het ook unieke Afrikaanse manuskripte in Arabiese kalligrafie in die Bo-Kaap in moskees en private gesinne in die Boland. Ons móét 'n projek begin om sulke geskrifte in die Suid-Afrikaanse Nasionale Biblioteek vir bewaring opgeneem te kry," sê dr. Dominy.

Maar een fassinerende gedokumenteerde gebeurtenis in die Malinese manuskripte het dr. Jeppie aangegryp. Dui dit dalk op die meteorietreën van 1583?

"Sterre het deur die lug gevlieg asof vuur in die hele lug aangesteek is – oos, wes, noord en suid. Dit het 'n geweldige vlam geword wat die hele aarde verlig het. Die mense was angsbewange. Dit het tot ná dagbreek geduur ..."

Shamil Jeppie se belangstelling het vlamgevat. Maar terwyl hy en van sy studente aan die Universiteit van Kaapstad (UK) nog besig is met hul studie en vertaling van die sowat 500 antieke Arabiese regsdokumente (wat onder meer hul huweliks- en ander wette uitspel), is die ontdekkingsreis deur Mali se sterrekundige dokumente aan dr. Thebe Medupe opgedra. Aan die hand van dié geesdriftige sterrekundige van die UK se kennis, ontvou 'n skatejag deur die uitspanse nou stuksgewys wat deur Sharron Hawkes op film vasgelê word.

Soos Bouctou bedags na die glimpering op die verre horison getuur het, het Timboektoe se sterrekundiges in die Middeleeue die geheimenissevolle, skitterblink diamante aan die hemelruim bokant die stil woestyn bewonder en bestudeer. Pegasus, Mohammed se geveuelde perd, omsirkel volgens oorlewering snags die Plek van Bouctou, stad van 333 heiliges. Hy is die muse van poësie uit die Griekse mitologie – muse van skrywers in Timboektoe – bewaarengel van "die baie ver plek".

lewers op die hemelewenaar tussen die flonkersterre wat in 'n windstil nag op die ewige Saharasand weerkaats, sweef Moeder Bouctou se gees dalk saam met Pegasus. Dalk les sy die reisigers na nêrens se dors na meer kennis met koel water uit haar ewige put – openbaar sy die geheime van haar verlore paradys vir diegene wat die toe boeke van Timboektoe nog moet oopslaan.

(Sten ook die webwerf www.sa-maliproject.co.za)

